**'Die Vlakte' bursaries awarded**
Stellenbosch University (SU) Archive, 1 April 2019
**Remarks by Prof Wim de Villiers,**
**Rector and Vice-Chancellor**

**Die Vlakte-beurse toegeken**
Universiteit Stellenbosch (US) Argief
**Opmerkings deur prof Wim de Villiers,**
**Rektor en Visekanselier**

---

*[Version prepared for delivery. Weergawe voorberei vir lewering]*

Afternoon. Molweni. Goeiemiddag. I am glad to see all of you here – members of the community, our bursary recipients, and colleagues from Stellenbosch University (SU).

Today exactly four years ago, I started working as Rector and Vice-Chancellor. And one of the first things I did, was to announce that the University would be creating a bursary fund for former residents of *Die Vlakte*, and their descendants. Why was this necessary? To right a wrong that took place in the 1960s.

Inwoners van Die Vlakte net hier anderkant is 'n halfeeu gelede verwyder omdat hulle kwansuis die "verkeerde" velkleur gehad het – aldus die gehate Groepsgebiedewet van daardie tyd. Dit was die regering van die dag se handewerk, maar die Universiteit Stellenbosch (US) het nie beswaar gemaak nie, en later regstreeks voordeel getrek toe ons van die onteiende grond bekom het.

Wat destyds op Die Vlakte gebeur het, was 'n onreg. Ek weet – ek was 'n kind in Stellenbosch in daardie jare, en baie van die gemeenskap se mense het met my pa kom praat, wat Dekaan van Regsgeleerdheid was.

Daarom is ek dankbaar die US het al in die jaar 2000 gesê, "Die Universiteit erken sy bydrae tot die ongeregtighede van die verlede" ... en dat die instelling hom in dieselfde asem verbind het tot regstelling en ontwikkeling.

These days the University is working hard to become more inclusive, and both our student and staff bodies are becoming more diverse. We are also reaching out to the community to close the gap between us. In October last year we paid tribute to the people of *Die Vlakte* when we named the building which now houses the University's Africa Open Institute for Music after the man who originally built it as a home for his family, Pieter Okkers.

It is also in that spirit that we have been commemorating the University's Centenary the past year. Tomorrow, on 2 April, we turn 101! And if we look back on our past, there are achievements to celebrate. But we also acknowledge our mistakes, and we are trying to right those wrongs.

Dis vir ons baie belangrik dat die kinders wat op ons drumpel grootword, nie na ander Universiteite gaan nie, maar hul drome híér kom verwesenlik. Want nes ons land aan al sy mense behoort, en ons dorp aan al sy inwoners, is hierdie Universiteit die hele gemeenskap s'n – nie net 'n bepaalde bevolkingsgroep of taalgemeenskap s'n nie. Maties behoort aan almal.

Ons beurse vir die kinders van Die Vlakte is in 2015 ingestel, en is elke jaar **sedert 2016** toegeken – saam met vanjaar se ontvangers, al in totaal aan **31 studente**, beurse met 'n **totale beurswaarde** van al **byna R1,4 miljoen**.

Baie dankie aan die lede van die gemeenskap wat ons help om die aansoeke elke jaar te verwerk. Baie dankie vir u bydrae. Also with us today are the five recipients of the *Vlakte* bursary for 2019 Congratulations to each of you!

- **Michelle Kannemeyer**, a second-year BA (Accounting) student
- **Danielle Smith**, second-year BA (Development and Environment)
- **Gianni Pasquallie**, first-year MBChB
- **Mohamed Braaf**, first-year BCom (Financial Accounting); and
- **Jaydon Rose**, first-year MBChB

Baie geluk aan julle. En baie sterkte met julle studies! Baie dankie ook aan:

- Arrie Hanekom, Hoof van Voorgraadse Beurse en Lenings ...
- Christelle Feyt, Senior Direkteur: Afdeling Studentetoegang ...
- ... en jul onderskeie spanne en almal wat so hard werk om hierdie projek 'n sukses te maak.